

DIE GEREFORMEERDE *Vroueblad*

JUNIE 2019

VROU DEEL AAN DIE EVANGELIE- VERKONDIGING:

- *Debora*
- *Hulda*
- *Die Samaritaanse vrou*

Die vrou van Nommer 3

Word Riders
2019

PRYSE (per tydskrif):

SELF-AFHAAL: R 20-00


GROEPE (POS): R R29-19

INDIVIDU (POS): R31-37

ELEKTRONIES: R10-46

Inhoud

Junie 2019



6

GEREELD

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat
- 5 Sodat my huis kan vol word:
Eerste gelowige en fasiliteerder van gemeentestigting in Europa

IN-DIEPTE

- 6 Debora... tot beskikking van God en medemens
- 8 Hulda... onthou en profeteer
- 10 Die Samaritaanse vrou gaan uit en getuig



8

LEEFDINGE & LEESDINGE & SIELSDINGE

- 12 Die vrou van Nommer 3
- 14 Teks & Vers: Stuur my!
- 16 Boekeblad: Suurlemoenseisoen en Lysies vir die Lewe
- 18 Emigrasie
- 20 Verkondiging sonder woorde
- 22 Gemeente-Mosaïek: *Word Riders* 2019



10

- 26 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Uitschot
- 28 Resepteblyd: Pampoenbredie
- 29 Lees in Julie 2019
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Geure in die Bybel (4)
- 32 Kaleidoskoop Junie 2019



'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tienaers en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)

E-pos: cobiesteyn@live.com

Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad

Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons Facebookblad – Gesels saam oor die voorreg dat jy 'n gelowiges is – iemand wat die lewende water van Christus in jou binneste het. Hoe kan jy leef – en wat kan jy doen om dit met ander mense te deel?

JAARGANG 74 NOMMER 1

Vroue deel aan die Evangelieverkondiging

— — — — — brief van die redakteur — — — — —



Maar toe sy merk Hy ken haar dors
– dat alles in haar troebel was
en by haar huis geen man –
het sy vir hom haar waterkan laat staan
en haastig na die stad toe teruggegaan:

Op die plek waar sy moes woon, alleen
Sý tent voortaan –

Jood
Profeet
Messias
Here God

Uit Lina Spies se gedig "Fontein"; *Die Braambos Brand. 'n Keur van Godsdienstige gedigte* saamgestel deur CJM Nienaber en M Nienaber-Luitingh; 1987: Tafelberg: Kaapstad.

Liewe Geloofsvriendinne,

Die winter is hier. Die eerste sneeu het al plek-plek begin val. Kry vir jou 'n knus hoekie waar jy jou kan opkrul met 'n stomende beker koffie of tee en lees saam oor vrouens in die Bybel wat deel gehad het aan die verkondiging van die evangelie. Ons staan stil by Debora, Hulda en die Samaritaanse vrou, maar dis my gebed dat jy jou Bybel sal optel wanneer jy die Vroueblad neersit en sal lees van Mirjam, Lidia, Euodia, Sintige, Eunice, Loïs... en nog vele meer.

Ja, elkeen van ons wat losgekoop is met die kosbare bloed van Jesus Christus, man, vrou en kind, word geroep om die blye boodskap uit te dra. Soos Prof. Gert Breed eendag so mooi op 'n gemeentekamp vir ons gesê het: Wanneer jy Sondae in die erediens is, word jy vol van die lewende water, sodat wanneer die kerkdeure oopgaan, jy die lewende water na buite toe dra vir dié wat daarna dors.

As vrou beweeg jy in baie kringe – benewens jou werksplek waar jy alreeds met baie mense in aanraking kom, is jy meestal die aangewese persoon in die huis wat die inkopies moet gaan doen (mans is oor die algemeen nie lief vir winkelsentrums nie!), wat saam met jou groep vriendinne iewers gaan koffie drink, wat die kinders moet gaan op- en aflaai, wat kyk na die tuinier en die vrou wat in jou of julle huis werk. Op hierdie manier kom jy, wat die lewende water in Christus ontvang het (soos die Samaritaanse vrou!) in aanraking met baie mense. Neem jouself vandag voor om so te leef dat mense al die lewende water in jou optrede en daade kan sien, nog voordat jy met jou stem daarvoor begin getuig en begin verkondig.

Neem 'n bladsy uit die Samaritaanse vrou se boekie en gaan uit en verkondig. Soek na 'n bedieningsgeleentheid in jou gemeente waar jy kan help om mense van die Here te leer. Ons kan tog nie die skat van die Woord net in ons harte toehou nie.

Ek kan dit nie glo nie, maar dit is alweer dié tyd van die jaar wat ons onderneem om julle van die afgelope 2019-saamtrek te vertel. Hou Juliemaand se uitgawe dop. Ons publiseer dan ons jaarlikse Saamtrekbylaag waarin die susters van die verskillende streke vertel hoe elke streek se dag verloop het.

Mag die lewende water van die Woord uit jou binneste vloei oral waar jy gaan!

Cobie Steyn



Ons is op Facebook: Gereformeerde Vroueblad. Gaan Like ons!



HULDA... onthou en profeteer

DEUR ANNAMIE ODENDAAL

Hulda was 'n profetes en die vrou van die klerebewaarder, Sallum seun van Tikwa, seun van Gasra. Hulle het in die nuwe deel van Jerusalem gebly. Behalwe vir die boodskap van die Here wat sy vir Josia die koning van Juda gegee het, is dit al wat ons van haar weet.

Hulda ... onthou en profeteer

Die tydsgleuf...

....waarin Hulda gelewe het toe sy deur die Here as profeet gebruik is, is egter van belang: Jerusalem en die hele koninkryk van Juda lewe onrustig onder die skadu van groot en dreigende wêreldmagte. Israel, die tienstammeryk, is reeds 'n hele ruk gelede deur die Assiriërs weggevoer. Mense uit Babel en ander stede, onderhorig aan die Assiriërs, woon nou daar. Die nuwe inwoners dien “die god van die land” saam met die afgode wat hulle in hul geboortelande aanbid het.

Juda het ook al Assirië se hardvotigheid beleef: hulle het kort tevore nog Josia se goddelose oupa, koning Manasse van Juda, met 'n ring in sy neus na Babel weggevoer. Hy het tot inkeer gekom en die Here het hom laat terugkeer Jesusalem toe. Na sy dood was sy seun Amon egter net so goddeloos soos wat Manasse voor sy inkeer was, darem net vir twee jaar voordat hy vermoor is deur sy eie dienaars. Sy seun Josia het in sy plek koning van Juda geword toe hy maar agt jaar oud was. Dit was Josia wat deur Hulda 'n boodskap van die Here ontvang het. In 2 Kon. 23:25 lees ons van Josia: “Daar

was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie."

Josia het in die agtiende jaar van sy koningskap begin om die tempel van die Here te laat herstel en daar in een van die baie tempelvertreke kry die priester Hilikia (Gilcija) 'n vergete afskrif van die wetboek. Dit is na Josia toe geneem. Toe Josia hoor wat die wetboek sê, het hy sy klere geskeur uit ontsteltnis en skok. Dadelik stuur hy Hilikia en nog vier van sy belangrike amptenare om die Here namens hom te raadpleeg. Hy het geweet dat Israel en Juda vir eeue lank al ongehoorsaam was aan hierdie voorskrifte van die Here. Hy het besef hoe groot die Here se woede hieroor moes wees, en hy het gelees watter strawwe die Here op die volk sou laat neerkom as hulle Hom nie dien soos Hy beveel het nie.

Die Here gebruik Hulda om te profeteer

Die bekendste profete van daardie tyd, was Sefanja en Jeremia. Hulle was waarskynlik nie so vinnig bereikbaar soos Hulda nie. Sy sou in haar huis daar in Jerusalem wees – daarom is die afvaardiging dadelik na haar toe met die wetboek.

Ons kry haar profesie in 2 Kon. 22:16-20 waarin sy sê dat die Here inderdaad die volk gaan oordeel omdat hulle Hom verlaat het en nie meer gehoorsaam was aan die herontdekte wetboek se eise nie. Sy sê egter ook dat die Here ag slaan op koning Josia se berou en dat die Here hom in vrede sal laat sterf sonder om die onheil waarmee Hy die volk gaan tref te beleef.

Josia se reaksie op die profesie

Die Here se antwoord het Josia vol dankbaarheid en ywer gemaak. Die Here sien elke dienaar van Hom raak en gee genade – sonder om sy regverdige oordeel op te hef. Dadelik begin die werk om die Here te dien soos Hy dit beveel het: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. Geen beelde om voor neer te buig en te dien nie, want die Here is 'n jaloerse God wat sy volk se hele hart en algehele vertroue op Hom alleen wil hê.

Die lang lys van wat Josia moes doen om van die afgodiens ontslae te raak, is verskriklik:

- Chronologies begin dit by Salomo: die hoogtes vir As-tarte, Kemos en Milkon wat Salomo op sy oudag vir van sy vele vroue opgerig het, is verwoes en ontwy;
- Al die goed wat vir Baal en Asjera en al die hemelliggame gemaak is moes **UIT DIE TEMPEL VAN DIE HERE** gebring word en buite Jerusalem verbrand word

- Manlike prostitute se kamers by die huis van die Here is afgebreek;
- Perdebeelde wat deur verskillende konings van Juda ter verering van die son opgerig is by die ingang van die huis van die Here, is verwyder;
- Die sonwa is verbrand;
- Altare op die dak van die bovertrek van Agas, en die altare wat Manasse in die twee voorhove van die huis van die Here laat bou het, is afgebreek;
- Die offerplek waar Juda sy kinders vir Molek geoffer het, is ontwy;
- Afgodspriesters wat deur vorige konings van Juda aangestel is, is afgesit, en al die offerplekke oral in Jerusalem en deur die hele Juda is ontwy en vernietig;
- Dodebesweerders en waarsêers is uitgeroei.

Josia het selfs in die tienstammeryk skoongemaak: Die altaar met die kalf wat in Bet-El gebou is deur Jerobeam met die skeuring van die ryk, is vernietig en ontwy soos in Jerobeam se tyd al profeteer is (1 Kon. 13:2) saam met al die afgodsofferplekke dwarsdeur Israel.

Die Boodskap belangriker as die boodskapper


Hierna het Josia leiding geneem en die grootste viering van die Paasfees in die geskiedenis van die volk Israel sedert die dae van die rigters het plaasgevind, gevolg deur die fees van die ongesuurde brode. Hulda se boodskap, juis omdat dit alle aandag op die Here laat val het en nie op die boodskapper nie, het Juda laat optree so na die Here se hart. In een boodskap bevestig sy die oordeel en genade van God. ▣

Lees ter aanvulling van die artikel die aangrypende geskiedenis rondom die profesie van Hulda in 2 Konings 21 – 25 en 2 Kronieke 33 – 36. 'n Mens begin daarna maklik om die hele geskiedenis van die volk vanaf Salomo se laaste jare na te gaan. Die Here se verskriklike toorn en sy onmiddellike genade wanneer selfs gruwelike sondears soos Agab en Manasse berou het, verkondig die Blye Boodskap van die onveranderlike God nóg 'n keer.



LIDMAATPRAAT:

Hendriena Vermaak: Koning Josia, nadat hy sy voorvaders se sondes besef en hom daarvoor verootmoedig het, het afgevaardigdes gestuur na Profetes Hulda om te hoor wat God sê. Haar antwoord was "So sê die Here..." Hulda was 'n ware profetes omdat sy die Here se woorde onthou en gespreek het.



Verkondig sonder woorde... ...of (ekstreme) dade

Deur Hester Venter

Ons sien en hoor van vele predikers en evangeliste asook leraars, dominees, pastore en sogenaamde lekepredikers. Dikwels is dit met algehele verstomming dat ons toekyk en luister wat alles onder die vaandel van die evangelie gedoen (of gepleeg) word.

Hierdie manne (en vroue) beroem hulleself daarop dat hulle die evangelie verkondig. Ons almal weet, en het gesien hoe gemeentedelede gras moet eet, insekdoder op hulle gesigte spuit, en in 'n beswyming op die grond rondkruip.

Ons het ook in ons midde die vroue evangelis wat reken dis 'n groot voorreg om 'n lid van haar gemeente te wees. Sou jy wou kwalifiseer om deel van hierdie uitverkore volk te wees, kom dit met 'n stewige monetêre bydrae. Die Suid-Afrikaanse rand sal doen, en Amerikaanse dollar is ook voldoende. Sy stel dit egter onomwonde dat Zimbabwiese dollar geensins aanvaar word nie.

Die huidige kersie op die koek is die wonderwerker wat die "heengegane" gemeentelid uit die dood opgewek het, ten aanskoue van heelwat toeskouers natuurlik! Die "bevoorregte" man het darem nog sy selfoon in sy sak gehad...(?)... waarvan hy darem nie beroof is tydens sy vinnige heen- en terugreis nie.

Natuurlik is daar ware en opregte dienaars wat net een doel voor oë het, en dit is om die ware, onverdunde Woord van God te deel. Manne soos die kerkvader Augustinus, en ons Bybelse Johannes, Paulus, Petrus en Judas en vele meer. Hulle het niemand probeer beïndruk nie, hulle hoofdoel was die suiwer verkondiging van God se Woord en om verlore mense na Jesus te lei. Christene is geseënd om ware opregte leraars en predikers in gemeentes te hê wat presies dit doen waarvoor hulle geroep is.

Vroue, soos almal weet, was nie baie hoog geag in Bybelse tye nie. Haar hoofsaak was om vir haar man te sorg, kos te kook, huis te hou en soveel kinders as moontlik vir hom in die wêreld te bring. Dit moes ook verkieslik seuns wees. In die Bybelse tyd was die vrou eintlik niks anders as een van die man se besittings nie.

Feministe sien natuurlik rooi, en is glad nie ingenome met 'n onderdanige vrou nie: Mans en vroue is gelyk in alle opsigte en daarmee basta. God sê egter in sy Woord, in Gen. 2:18 dat Hy gesien het die mens het 'n hulp nodig wat by hom pas – sy gelyke – en dit is hoe dit bedoel is om te wees. Vroue is in baie opsigte sterker as mans en andersom.

Daar is heelwat vroue deur die eeue heen wat deel gehad het aan die verkondiging van die evangelie. Bybelse vroue, dalk nie deur fisieke verkondiging nie, maar deur hulle doen en late.

Ester moes seker nog baie jonk gewees het toe sy as koningin in Vasti se plek gekroon is. Sy was 'n weeskind en

moes oorweldig gevoel het deur hierdie nuwe lewe. Sy het, ten spyte van haar vrees voor die koning ingetree vir haar volk, en die Jode en haar oom Mordegai se lewens gered. Dis opvallend dat die Here se Naam nie een keer in die boek Ester genoem word nie. Tog lees ons dwarsdeur die boek van haar onwrikbare getrouheid en gehoorsaamheid aan God.

Hoe verkondig ons as vroue die evangelie vandag? Verkondiging geskied nie noodwendig altyd met woorde nie, maar kan mense God se liefde in ons optrede en daede sien?

Ek was in 'n hospitaal in Pretoria 'n paar jaar gelede en moes vir sekere toetse gaan. Angsbevange het ek gaan moed bymekaar skraap in die kleedkamers, en myself onder beheer probeer kry. Die trane het gevloei en ek was dankbaar ek is alleen en dat niemand my sien nie; so het ek altans gedink.

Die volgende oomblik voel ek 'n simpatieke hand op my skouer. Die Engelssprekende dame begin met my gesels in 'n sagte stemtoon. Sy sê dat sy kan sien ek is hewig ontsteld, en vra of sy vir my 'n gebed kan doen. Daardie gebed was so opreg. Ek wens ek kon haar weer sien, sodat ek vir hierdie bedienaar van Christus se liefde kon vertel wat haar gebed vir my daardie dag beteken het. Ek het daar uitgeloopt, vertrou en gekalm.

Geleentehede om die evangelie te verkondig is vir my nader as wat ek dink... Dalk kan ek vir die verwaarloosde vrou voor my in die ry (wat nie genoeg geld het om vir haar karige inkopies te betaal nie) 'n bydrae gee terwyl my waentjie tot barstens toe vol is... 'n Vriendelike glimlag vir die motorwag wat in die bloedige son my luukse motor oppas? Wat van 'n koue koeldrank saam met sy footjie? Is my oog oop vir die vrou wat in my huis werk of die man wat in my tuin werk, wat dalk 'n warm kombes of baadjie sal waardeer vir die winter wat voorlê?

Ja, ons kan as vroue die evangelie verkondig. Sonder ekstreme daede of hoogdrawende woorde. Net deur klein gebare van omgee en liefde. Deur te doen wat baie lank onthou sal word. Die Engelse gesegde lui so mooi "*Pay it forward.*"

Wanneer jy weet jy kan nie vergoed word nie en slegs uitreik omdat jy gedring word deur God se liefde, wanneer jou doen en late sonder groot fanfare spreek van liefde teenoor jou naaste en liefde en dankbaarheid teenoor God, maak dit evangelies sin! Nie net Sondae in my gemeente nie, maar ook waar net ek en die Here daarvan weet. Ons moet uitgaan en vertel van die verlossing in Christus... **V**